

# SAWA Oos-Kaap



## Liewe Sawanante

### **Gamtoos AJV: 4 – 6 Augustus 2017**

So is nog 'geslaagde SAWA jaar verby. Ons 41ste AJV is net 'n paar dae weg. Hierby aangeheg net die laaste reelings vir die naweek se aktiwiteite.

Staanplekke tariewe soos volg: R 40.00 per person per nag, R 40 per woonwa/bos trailer/tent per nag en dan R 20 per voertuig vir naweek. Die steak braai kaartjies sal ook betaalbaar wees by inbetaling waar jul dan kaartjies vir steak en poeding sal kry. Boekevat en inbetaling is 18:00 by tent en word gevolg deur sop en broodjies wat voorsien sal word.

Saterdagmiddag is die vergadering stiptelik om 14:00 in saal. Ons vertrou dat alle lede die vergadering sal bywoon.

Daarna volg ons steak braai wat in die verlede groot sukses was, weet dat ons dit weer die jaar 'n sukses kan maak. Daar sal lucky draws gedurende die aand weer getrek word.

Sondag na afloop van die diens sal daar koffie/tee met cupcakes wees.

### **Baie belangrik vir al ons huidige en toekomstige besprekings:**

Ons kort asb. die nodige getalle om met die oorde te reël. Hulle het gevra dat ons die oortollige staanplekke aan hulle bevestig dat hulle dit kan uitboek vir buite persone. Indien 'n lid bevestig dat hy/sy kom en nie opdaag nie, sal hy/sy nog steeds die oord-kostes moet dra, slegs as ons minder lede is as wat bespreek is en die oord dit so vereis.

### **Noodhulp tydens saamtrekke:**

Hierdie is 'n baie belangrike aangeleentheid. Ons vra dat mense na vore sal kom wat noodhulp het. Sê asb. Vrydagaand by Boekevat of u opgelei is en vir ons kan help gedurende die naweek. Dan weet die lede waar hulle kan gaan vir hulp indien daar 'n krisis oor die naweek is. Ons het 'n goeie noodhulpsak aangekoop vir gebruik. Dit is by die kampeiers van die naweek beskikbaar.

### **Wapad en Webwerf:**

Stuur asb. u nuus/foto's vir Elzaan Le Roux vir die Wapad en Webwerf en kyk gerus na Facebook vir nuwe inligting. Epos: [leroux.elzaan@gmail.com](mailto:leroux.elzaan@gmail.com)

Baie van ons lede se kinders het ook mooi presteer en ons vra dat julle dit ook asb. sal aanstuur dat ons so vir hulle ook die nodige erkenning kan gee.

Die Wapad word per e-pos gestuur, maar as u nog 'n harde kopie wil ontvang, moet u dadelik vir Elzaan of jou bestuurslid laat weet.

**Ledegeld:**

U moet groot asseblief u ledegeld betyds in Nasionaal se bankrekening inbetaal. Kyk watter maand u aangesluit het en handel dit dan af. Aansluiting en eerstejaar se ledegeld moet kontant betaal word. Kontak asb. die betrokke kampeiers in die verband. Debietorders sal eers van jaar twee af in werking tree en ons moedig dit graag aan. Dit vergemaklik die taak baie en u het nie weer probleme nie. Eenmalige aansluitingsfooi van R120 is betaalbaar. Ledegeld: Kontant = R340; Senior Burgers: Kontant = R330

Debietorders is R10 minder by elke groep. Agterstallige lede sal gekontak word om reëlings te tref vir betalings.

**Bedryfsfonds:**

Die bedryfsfonds vir die nuwe jaar is nou ook betaalbaar. Dit is slegs R150 per jaar en vir Senior Burgers R120 per jaar. Dit sal waardeer word indien u dit binne drie maande na u aansluitings maand kan inbetaal in Oos Kaap se rekening of by die kampeiers.

**SAWA Kentekens:**

Indien u belangstel in 'n nuwe kenteken vir u woonwa, kan u by Richard een aankoop. Dit is egter baie belangrik dat wanneer u, u woonwa verkoop, MOET U DIE SAWA KENTEKEN EN SNOR AFHAAL.

**SAWA Oos Kaap Bestuur**